

Saterdag 31 Maart

Skrifgedeelte: Judas :20-25

Fokusgedeelte: Judas :20, 21

Stry teen dwaalleer deur jou lewe op jou geloof te bou

Die stryd teen dwaalleer word nie net gestry deur dwaalleer uit te wys en dwaalleraars teen te staan nie. Die stryd word ook gestry deur op 'n spesifieke manier te lewe. Deur jou lewe op ons allerheiligste geloof te bou. Dit wat jy glo, bepaal jou manier van lewe. As die Here ware geloof in jou hart werk, gaan dit jou lewe verander. Dit gaan in jou lewe vrug dra. Daarom moet ons onself gereeld vra wanneer ons die Here se Woord bestudeer: Wat verwag die Here moet ek nou doen?

- Hierdie gelowige lewe word deur groei gekenmerk – daarom kry ons die opdrag om te bou!
- Dit word deur vertrouwe op God gekenmerk – daarom kry ons die opdrag om te bid!
- Dit word deur God se liefde gekenmerk – daarom kry ons die opdrag om in God se liefde te bly; om Hom met vreugde lief te hê soos Hy ons in sy Woord leer.
- Dit word deur die verwagting van Jesus Christus gekenmerk – deur jou oog op Hom te hou en na sy wederkoms uit te sien.
- Dit word deur liefde vir ander gelowiges gekenmerk – daarom kry ons die opdrag om ons te ontferm oor dié wat twyfel as gevolg van dwaalleer en deur alles te doen om mense met die waarheid te bedien sodat hulle uit die vuur geruk kan word.
- Dit word deur onderskeidingsvermoë gekenmerk – daarom kry ons die opdrag om versigtig te wees en sonde te verafsku.
- Dit word deur vreugde in die Here gekenmerk – Hy is die Een wat ons bewaar en ons onbevlek ewig in sy heerlijkheid gaan laat deel. Hoe kan mens nie bly daarvoor wees nie?!

Stry teen dwaalleer deur jou lewe op jou geloof te bou tot God se eer!

Sing: Psalm 31-1:1, 6, 15

Ds. GP (Gerhard) van Rhyn (Rietvallei)